**Saterdag 28 Maart**
**Skrifgedeelte: Lukas 22:47-53**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:50-51**
**Waar God se Gees werk, is daar nie plek vir geweld nie!**

God se Koninkryk is nie 'n koninkryk van geweld nie. Die krag van die evangelie wen die hart en lewe van mense – nie deur mag en geweld nie, maar deur die krag van die Gees (Sag. 4:6). Die nag toe Jesus gevange geneem is, het Petrus Malgus se regteroor met sy swaard afgekap. Jesus stop egter die fisiese geweld met die woorde: "Hou op daarmee!" Daarmee sê Jesus: "Laat Ek maar gevang word, moet hulle nie keer nie." Jesus het geweet dat Hy die lydensweg moet loop. Die Koning moes kom om te sterf. Daarom keer Jesus Petrus se gewelddadige optrede ten sterkste af met sy woorde: "... almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan" (Matt. 26:51-52).

Die enigste swaard wat ons as Christengelowiges vandag mag en moet gebruik, is die "swaard van die geloof" wat "lewend en kragtig en skerper is as enige tweesnydende swaard" (Heb. 4:12). "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Rom. 10:17). Wat doen Jesus nadat Hy Petrus vermaan het? Hy genees Malgus se oor. Want deur sy oor moet die woord sy hart bereik. Jesus kon maklik ook van mag of geweld gebruik gemaak het toe Hy gevange geneem is. Maar met hierdie laaste genesingswonder voor sy kruisiging het daar 'n baie sterker boodskap uitgegaan as wat met geweld die geval sou wees. Waar God se Gees werk, is daar nie plek vir geweld nie.

Op 'n manier wil ons ook aan die Koninkryk van God help bou, maar voordat ons ons kry, probeer ons dit met eie vindingrykheid, krag en geweld vermag. Dit is egter wanneer ons na God se Gees luister dat ons die resultate behaal wat vir God aanneemlik is. Waar mense met die hulp van God se Gees werk en bou, is dit universeel onweerstaanbaar.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*